



Official Gazette Extraordinary

(Registered at the Post Office as a Newspaper)



Buitengewone Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRICE: S.A. 40c Plus 5c G.S.T. OVERSEAS: 50c

PKYS: S.A. 40c Plus 5c A.V.B. OORSEE: 50c

Vol. 233

PRETORIA 1 JUNE
1 JUNIE 1990

4685

Administrator's Notice

Administrator's Notice 262

1 June 1990

SOUTH WESTERN MANAGEMENT COMMITTEE

APPOINTMENT OF COMMISSION OF INQUIRY INTO ALLEGED IRREGULAR CONDUCT OF OFFICIALS AND/OR MEMBERS OF THE SOUTH WESTERN MANAGEMENT COMMITTEE

The Administrator hereby makes known in terms of section 2(1) of the Commissions of Enquiry Ordinance, 1960 (Ordinance No. 9 of 1960), hereafter referred to as the Ordinance, that he —

- (1) has in terms of section 2 of the Ordinance appointed a commission to inquire into the veracity, validity and justification of allegations of irregularities in the conduct of the South Western Management Committee, more specifically —
 - (a) allegations of irregularities and corruption as set out in a memorandum dated January 1989 submitted by the United Civic Association;
 - (b) allegations that certain members of the South Western Management Committee directly or indirectly exacted or accepted or agreed to accept, or attempted to obtain for themselves or for any other person, any gift, reward or other consideration whatsoever (other than the payment to which they are entitled in terms of the Regulations for the Coloured group under the Local Government (Extension of Powers) Ordinance of 1962), for or in respect of their services as members of the Committee or on account of doing or neglecting to do or having done something in their capacity as members of the Committee;
 - (c) the unauthorised and illegal issue of a letter dated 7 July 1989 regarding increased municipal service charges by the South Western Management Committee;
 - (d) all other allegations that members of the South Western Management Committee acted illegally or wrongfully or without authority, or refused to exercise their powers in a proper manner or at all, or that they

Administrateurskennisgewing

Administrateurskennisgewing 262

1 Junie 1990

SOUTH WESTERN BESTUURSKOMITEE

AANSTELLING VAN KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA BEWERDE ONREËLMATIGE OPTREDE DEUR BEAMPTES EN/OF LEDE VAN DIE SOUTH WESTERN BESTUURSKOMITEE

Die Administrateur maak hierby ingevolge artikel 2(1) van die Ordonnansie op Kommissies van Ondersoek, 1960 (Ordonnansie No. 9 van 1960), hierna die Ordonnansie genoem, bekend dat hy —

- (1) 'n kommissie kragtens artikel 2 van die Ordonnansie benoem het om ondersoek in te stel na die betroubaarheid, grondigheid en geregverdigtheid van bewerings van onreëlmatighede in die optredes van die South Western Bestuurskomitee, en veral in die besonder —
 - (a) besonderhede van onreëlmatighede en korrupsie soos uiteengesit in 'n memorandum gedateer Januarie 1989 wat deur die United Civic Association voorgelê is;
 - (b) bewerings dat sekere lede van die South Western Management Committee direk of indirek van iemand 'n geskenk, beloning of enige ander vergoeding ge-eis, ontvang of ingestem het om te ontvang hetsy vir hulself of vir iemand anders (uitgesonderd die betaling van enige toelae waarop hulle kragtens die regulasies vir die Kleurlinggroep ingevolge die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Uitbreiding van Bevoegdhede) 1962) by wyse van aansporing of beloning vir die verrig of nalaat van 'n handeling met betrekking tot hul pligte of werksaamhede as lede van die genoemde South Western Management Committee;
 - (c) die ongemagtigde en onwettige uitgifte van 'n brief gedateer 7 Julie 1989 met betrekking tot verhoogde munisipale diensteheffings deur die South Western Management Committee;
 - (d) alle ander bewerings aangaande die feit dat die South Western Management Committee onwettig, of verkeerdelik of sonder magtiging opgetree het of geweier het om hulle bevoegdhede op 'n behoorlike wyse of glad nie uitgeoefen het nie, of dat hulle

are dilatory in the performance of their duties for which they are responsible by virtue of the office which they hold;

(e) to report to the Administrator in regard to the foregoing and make such recommendations as the Commission may deem fit;

(2) has in terms of section 3(1) and (2) of the Ordinance appointed Advocate Henk Botha as chairman and member of the Commission.

GO. 10/3/5/17/13

0467k

traag is in uitoefening van daardie pligte voortspruitend uit die amp wat hulle bekleed;

(e) om aan die Administrateur verslag oor die voorgaande te doen en sodanige aanbevelings as wat die Kommissie mag goed vind, te maak;

(2) ingevolge artikel 3(1) en 3(2) van die Ordonnansie adv. Henk Botha as voorsitter en lid van die Kommissie aangewys word.

GO. 10/3/5/17/13

0467k

Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Amersfoort Extension 8 Township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

GO 15/3/2/43/1

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY THE TOWN COUNCIL OF AMERSFOORT UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 31 (A PORTION OF PORTION 9) OF THE FARM AMERSFOORT TOWN AND TOWNLANDS 57, REGISTRATION DIVISION HS, TRANSVAAL, AND PORTION 10 (PORTION OF PORTION 1) OF THE FARM SCHULPSPRUIT 60, REGISTRATION DIVISION HS, TRANSVAAL, WHICH IS TO BE CONSOLIDATED AND WILL THEN BE KNOWN AS: THE FARM AMERSFOORT INDIAN TOWNSHIP 156, REGISTRATION DIVISION HS, TRANSVAAL.

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

(1) NAME

The name of the township shall be Amersfoort Extension 8.

(2) DESIGN

The township shall consist of erven and streets as indicated on Plan LG 3660/88.

(3) DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding the servitude in favour of the Electricity Supply Commission registered in terms of Notarial Deed of Servitude No. 1072/40S which does not effect the township.

(4) AMENDMENT OF TOWN-PLANNING SCHEME

The township owner shall immediately after approval of the Amersfoort Town-planning Scheme, take the necessary steps to have the town-planning scheme amended by including the township therein.

2. CONDITIONS OF TITLE

The erven shall be subject to the conditions as indicated imposed by the Administrator in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965.

(a) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2 m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.

(b) No building or other structure shall be

ning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrateur hierby die dorp Amersfoort Uitbreiding 8 tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

GO 15/3/2/43/1

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GE-DOEN DEUR DIE STADSRAAD VAN AMERSFOORT INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 31 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 9) VAN DIE PLAAS AMERSFOORT TOWN AND TOWNLANDS 57, REGISTRASIE AFDELING HS, TRANSVAAL, EN GEDEELTE 10, (GEDEELTE VAN GEDEELTE 1) VAN DIE PLAAS SCHULPSPRUIT 60, REGISTRASIE AFDELING HS, TRANSVAAL, WAT GEKONSOLIDEER STAAN TE WORD EN DAN BEKEND SAL WEES AS: DIE PLAAS AMERSFOORT INDIËR DORP 156, REGISTRASIE AFDELING HS, TRANSVAAL.

1. STIGTINGSVOORWAARDES

(1) NAAM

Die naam van die dorp is Amersfoort Uitbreiding 8.

(2) ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Plan LG 3660/88.

(3) BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesonderd die serwituu ten gunste van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie geregistreer kragtens Notariële Akte van Serwituu No. 1072/40 S wat nie die dorp raak nie.

(4) WYSIGING VAN DORPSBEPLANNINGSKEMA

Die dorpsseienaar moet onmiddellik na goedkeuring van die Amersfoort-dorpsbeplanningskema die nodige reëlings tref om die betrokke dorpsbeplanningskema te laat wysig deur die dorp daarin op te neem.

2. TITELVOORWAARDES

Die erwe is onderworpe aan die voorwaardes soos aangedui, opgelê deur die Administrateur ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965.

(a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituu 2 m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituu vir munisipale doeleindes 2 m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituu mag afsien.

(b) Geen geboue of ander struktuur mag binne

erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.

- (c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

(2) ERVEN 837 TO 864 AND 866 TO 878

- (a) The erf and the buildings erected thereon, or to be erected thereon, shall be used solely for the purposes of a dwelling house with a density of "One dwelling per erf" and, with the special consent of the local authority, for places of public worship, social halls, institutions, places of instruction and special uses.
- (b) The height of buildings shall not exceed 3 storeys.
- (c) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf, shall be located not less than 5 m from any street boundary: Provided that the local authority may relax this restriction or any other building line restriction if such relaxation would in its opinion result in an improvement in the development of the erf.
- (d) Except with the written consent of the local authority, and subject to such conditions as it may impose, neither the owner nor any other person shall —
- (i) save and except to prepare the erf for building purposes, excavate any material therefrom;
 - (ii) sink any wells or boreholes on the erf or abstract any subterranean water therefrom; or
 - (iii) make or permit to be made, on the erf for any purpose whatsoever, any tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.
- (e) Where, in the opinion of the local authority, it is impracticable for stormwater to be drained from higher-lying erven direct to a public street the owner of the lower-lying erf shall be obliged to accept or permit the passage over the erf of such stormwater: Provided that the owners of any higher-lying erven, the stormwater from which is discharged over any lower-lying erf, shall be liable to pay a proportionate share of the cost of any pipeline or drain which the

die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.

- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goeëdunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

(2) ERWE 837 TOT 864 EN 866 TOT 878

- (a) Die erf en die geboue wat daarop opgerig is, of wat daarop opgerig gaan word, moet slegs gebruik word vir die doeleindes van 'n woonhuis met 'n digtheid van "Een woonhuis per erf" en, met die spesiale toestemming van die plaaslike bestuur, vir plekke van openbare godsdiensoefening, geselligheidsale, inrigtings, onderrigplekke en spesiale gebruike.
- (b) Die hoogte van geboue moet nie 3 verdiepings oorskry nie.
- (c) Geboue, insluitende buitegeboue, hierna op die erf opgerig, moet nie minder as 5 m van enige straatgrens geleë wees nie: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur hierdie beperking of enige ander boulynbeperking mag verslap indien sodanige verslapping na sy mening 'n verbetering in die ontwikkeling van die erf tot gevolg sal hê.
- (d) Behalwe met die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur, en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy mag opleë, moet nog die eienaar, nog enigiemand anders —
- (i) behalwe om die erf vir boudoeleindes in gereedheid te bring, enige materiaal daarop uitgrawe;
 - (ii) putte of boorgate daarop sink of enige ondergrondse water daaruit put; of
 - (iii) vir enige doel hoegenaamd, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf vervaardig of laat vervaardig.
- (e) Waar dit volgens die mening van die plaaslike bestuur ondoenlik is om stormwater van erwe met 'n hoër ligging regstreeks na 'n openbare straat af te voer, is die eienaar van die laerliggende erf verplig om te aanvaar dat sodanige stormwater op sy erf vloei en toe te laat dat dit daaroor vloei: Met dien verstande dat die eienaars van erwe met 'n hoër ligging vanwaar die stormwater oor 'n erf met 'n laer ligging vloei, aanspreeklik is om 'n eweredige aandeel van die koste te betaal van enige pyplyn of aflei-

owner of such lower-lying erf may find necessary to lay or construct for the purpose of conducting the water so discharged over the erf.

- (f) The siting of buildings, including outbuildings, on the erf and entrances to and exits from the erf to a public street system shall be to the satisfaction of the local authority.
- (g) The main building, which shall be a completed building and not one which has been partly erected and is to be completed at a later date, shall be erected simultaneously with, or before, the outbuildings.
- (h) No material or goods of any nature whatsoever shall be dumped or placed within the building restriction area along any street, and such area shall be used for no other purpose than the laying out of lawns, gardens, parking or access roads: Provided that if it is necessary for a screen wall to be erected on such boundary this condition may be relaxed by the local authority subject to such conditions as may be determined by it.
- (i) A screen wall or walls shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority as and when required by it.
- (j) If the erf is fenced such fence and the maintenance thereof shall be to the satisfaction of the local authority.
- (k) The registered owner is responsible for the maintenance of the whole development on the erf. If the local authority is of the opinion that the erf or any portion of the development is not being satisfactorily maintained, the local authority shall be entitled to undertake such maintenance at the cost of the registered owner.
- (l) Proposals to overcome detrimental soil conditions to the satisfaction of the local authority shall be contained in all building plans submitted for approval and all buildings shall be erected in accordance with the precautionary measures accepted by the local authority".
- (m) Upon the submission to the Registrar of Deeds of a certificate by the local authority to the effect that the township has been included in a Town-planning Scheme, and that the scheme contains conditions corresponding to the title conditions contained herein, such title conditions shall lapse.

(3) ERF SUBJECT TO SPECIAL CONDITIONS

In addition to the relevant conditions set out above, Erf 865 shall be subject to the following conditions:

The erf shall be used solely for such purposes as the Administrator may permit and subject to such requirements as he may determine after refe-

voor wat die eienaar van sodanige erf met 'n laer ligging nodig mag vind om aan te lê of te bou om die water wat aldus oor die erf vloei, af te voer.

- (f) Die plasing van geboue, insluitende buitegeboue, op die erf in ingange tot en uitgange vanaf die erf tot 'n openbare straatstelsel, moet tot bevrediging van die plaaslike bestuur wees.
- (g) Die hoofgebou, wat 'n voltooid gebou moet wees, en nie een wat gedeeltelik opgerig is en eers later voltooi sal word nie, moet gelyktydig met, of voor, die buitegebou opgerig word.
- (h) Geen materiaal of goedere van watter aard ook al moet in die boubeperkingsgebied langs enige straat gestort of geplaas word nie, en sodanige gebied moet vir geen ander doel behalwe die uitleë van grasperke, tuine, parkering of toegangspaaie gebruik word nie: Met dien verstande dat as dit nodig is om 'n skermmuur op so 'n grens op te rig, hierdie voorwaarde deur die plaaslike bestuur verslap kan word onderworpe aan sodanige voorwaardes soos deur hom bepaal mag word.
- (i) 'n Skermmuur of -mure moet soos en wanneer deur die plaaslike bestuur vereis, tot sy bevrediging opgerig en in stand gehou word.
- (j) Indien die erf omhein word moet sodanige heining en die instandhouding daarvan tot bevrediging van die plaaslike bestuur wees.
- (k) Die geregistreerde eienaar is verantwoordelik vir die instandhouding van die hele ontwikkeling op die erf. Indien die plaaslike bestuur van oordeel is dat die erf of enige gedeelte van die ontwikkeling nie bevredigend in stand gehou word nie, is die plaaslike bestuur geregtig om sodanige instandhouding op koste van die geregistreerde eienaar te onderneem.
- (l) Voorstelle om nadelige grondtoestande tot bevrediging van die plaaslike bestuur te oorkom moet in alle bouplanne wat vir goedkeuring voorgelê word, vervat word, en alle geboue moet in ooreenstemming met die voorkomende maatreëls wat deur die plaaslike bestuur aanvaar is opgerig word.
- (m) By die indiening van 'n sertifikaat by die Registrateur van Aktes deur die plaaslike bestuur te dien effekte dat die dorp in 'n goedgekeurde skema opgeneem is en dat die skema voorwaardes bevat wat in ooreenstemming is met die titelvoorwaardes hierin vervat, kan sodanige titelvoorwaardes verval."

(3) ERF ONDERWORPE AAN SPESIALE VOORWAARDES

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit, is Erf 865 aan die volgende voorwaardes onderworpe:

Die erf moet slegs gebruik word vir sodanige doeleindes as wat die Administrateur mag toelaat en onderworpe aan sodanige vereistes as wat hy

rence to the Townships Board and the local authority.

G0158/900424S

Official Notices

NOTICE 34 OF 1990

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND WORKS

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

CITY COUNCIL OF ROODEPOORT: PROCLAMATION OF A ROAD

I, Lucas Johannes Nel, Ministerial Representative of the House of Assembly of the Southern and Eastern Transvaal, acting on behalf of the Minister of the Budget and Local Government, Administration: House of Assembly, under the powers vested in him by section 4 of the Local Authorities Roads Ordinance, 1904 (Ordinance 44 of 1904), read with Proclamation No. R.36 of 31 March 1989, hereby proclaim the road as described in the Schedule hereto, as a public road under the jurisdiction of the City Council of Roodepoort.

Given under my Hand at Pretoria this 21st day of May One thousand Nine hundred and ninety.

L J NEL
Ministerial Representative

SCHEDULE

A Road over the Remainder of Portions 54 and 317 of the farm Wilgespruit 190 IQ and Holdings 2 and 3 Haylon Hill Agricultural Holdings as shown on diagrams SG A5979/89, SG A5980/89, SG A5981/89 and SG A5982/89.

12/5/4(30)(DPB)

/3213C

NOTICE 35 OF 1990

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND WORKS ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

TOWN COUNCIL OF BOKSBURG: PROCLAMATION OF A ROAD

I, Lucas Johannes Nel, Ministerial Representative of the House of Assembly of the Southern and Eastern Transvaal, acting on behalf of the Minister of Budget and Local Government, Administration: House of Assembly, under the powers vested in him by section 4 of the Local Authorities Roads Ordinance, 1904 (Ordinance 44 of 1904) read with Proclamation No. R.36 of 31 March 1989 hereby proclaim the road as described in the Schedule hereto, as a public road under the jurisdiction of the Town Council of Boksburg.

mag bepaal na verwysing na die Dorpsraad en die plaaslike bestuur.

G0158/900424S

6

Offisiële Kennisgewings

KENNISGEWING 34 VAN 1990

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

STADSRAAD VAN ROODEPOORT: PROKLAMERING VAN 'N PAD

Ek, Lucas Johannes Nel, Ministeriële Verteenwoordiger van die Volksraad van Suid- en Oos-Transvaal, handelende namens die Minister van Begroting en Plaaslike Bestuur, Administrasie: Volksraad, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 4 van die Local Authorities Roads Ordinance, 1904, (Ordonnansie 44 van 1904), saamgelees met Proklamasie No. R.36 van 31 Maart 1989, proklameer hierby die pad soos in die Bylae hierby omskryf, tot 'n openbare pad onder die regsbevoegdheid van die Stadsraad van Roodepoort.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 21ste dag van Mei Eenduisend Negehoederd en Negentig.

L J Nel
Ministeriële Verteenwoordiger van die Volksraad
BYLAE

'n Pad oor die Restant van Gedeeltes 54 en 317 van die plaas Wilgespruit 190 IQ en Hoewes 2 en 3 Haylon Hill Landbouhoewes soos uiteengesit op kaarte LG A5979/89, LG A5980/89, LG A5981/89 en LG A5982/89.

12/5/4(3)(DPB)

/3213C

6

KENNISGEWING 35 VAN 1990

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN WERKE ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

STADSRAAD VAN BOKSBURG: PROKLAMERING VAN 'N PAD

Ek, Lucas Johannes Nel, Ministeriële Verteenwoordiger van die Volksraad van Suid- en Oos-Transvaal, handelende namens die Minister van Begroting en Plaaslike Bestuur, Administrasie: Volksraad, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 4 van die Local Authorities Roads Ordinance, 1904 (Ordonnansie 44 van 1904) saamgelees met Proklamasie No. R.36 van 31 Maart 1989 proklameer hierby die pad soos in die Bylae hierby omskryf, tot 'n openbare pad onder die regsbevoegdheid van die Stadsraad van Boksburg.

Given under my Hand at Pretoria this 21st day of May One thousand Nine hundred and Ninety.

L J NEL
Ministerial Representative

SCHEDULE

A road over Portion 3 of Erf 42, Witfield Township as shown on diagram SG A5586/88.

12/5/4(8) (DPB)

/3228C

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 21ste dag van Mei Eenduisend Negehoernd en Negentig.

J L NEL
Ministeriële Verteenwoordiger van die Volksraad

BYLAE

'n Pad oor Gedeelte 3 van Erf 42, Witfield dorp soos uit-eengesit op kaart LG A5586/88.

12/5/4(8) (DPB)

/3228C

6

General Notices

NOTICE 1103 OF 1990

NOTICE OF A DRAFT SCHEME

The Town Council of Nelspruit, hereby gives notice in terms of section 28(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that a draft town-planning scheme to be known as Amendment Scheme 41, has been prepared by it.

This scheme is an amendment scheme and contains the following proposals:

(a) The rezoning of the Remainder of Erf 81, Nelsville from "Municipal" to "Educational";

(b) The rezoning of Erf 1/81, Nelsville from "Municipal" to "Residential 1" with a density restriction of 1 Dwelling unit per 250 m²;

(c) The rezoning of Erf 319, Nelsville from "Public Garage" to "Residential 1" with a density restriction of 1 Dwelling unit per Erf.

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, Room 208, Second Floor, Block — D, Civic Centre, Nel Street, Nelspruit, for a period of 28 days from 30 May 1990.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Town Clerk at the above address or at PO Box 45, Nelspruit 1200, within a period of 28 days from 30 May 1990.

D W VAN ROOYEN
Town Clerk

Civic Centre
PO Box 45
Nelspruit
1200
30 May 1990
Notice Number 66/90

C:/WP51/KENNISGE/B0061

Algemene Kennisgewings

KENNISGEWING 1103 VAN 1990

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA

Die Stadsraad van Nelspruit gee hiermee ingevolge artikel 28(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerp-dorpsbeplanningskema wat bekend staan as Wysigingskema 41, deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en bevat die volgende voorstelle:

(a) Die hersonering van die Restant van Erf 81, Nelsville vanaf "Munisipaal" na "Opvoedkundig";

(b) Die hersonering van Erf 1/81, Nelsville vanaf "Munisipaal" na "Residensieel 1" met 'n digtheidsbeperking van 1 woonhuis per 250 m²;

(c) Die hersonering van Erf 319, Nelsville vanaf "Openbare Garage" na "Residensieel 1" met 'n digtheidsbeperking van 1 woonhuis per erf.

Die ontwerp-skema lê ter insae gedurende gewone kantoor-ure by die kantoor van die Stadsklerk, Kamer 208, Tweede Vloer, Blok — D, Burgersentrum, Nelstraat, Nelspruit, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 1990.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 1990 skriftelik by of tot die Stadsklerk by bovermelde adres of by Posbus 45, Nelspruit 1200, ingedien of gerig word.

D W VAN ROOYEN
Stadsklerk

Burgersentrum
Posbus 45
Nelspruit
1200
30 Mei 1990
Kennisgewingsnommer 66/90
C:/WP51/KENNISGE/B0060

NOTICE 1104 OF 1990

CITY COUNCIL OF PRETORIA

NOTICE OF DRAFT SCHEME

The City Council of Pretoria hereby gives notice in terms of section 56(1)(b) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that a draft town-planning scheme to be known as Pretoria Amendment Scheme 3376 has been prepared by it.

This scheme is an amendment of the Pretoria Town-planning Scheme, 1974, and contains the rezoning of a portion of the Remainder of Erf 112, Deerness, from Special Residential to Special Residential, subject to an Annexure B.

The draft scheme is open to inspection during normal office hours at the office of the City Secretary, Room 3025, Third Floor, West Block, Munitoria, Van der Walt Street, Pretoria, for a period of 28 days from 30 May 1990.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged in writing with the City Secretary at the above office or posted to him at PO Box 440, Pretoria 0001, within a period of 28 days from 30 May 1990.

(Reference: K13/4/6/3376)

J.N. REDELINGHUIJS
Town Clerk

30 May 1990
6 June 1990
Notice 207 of 1990

L
/lp/22

NOTICE 1105 OF 1990

PRETORIA AMENDMENT SCHEME

I, Errol Raymond Bryce, being the authorized agent of the owner of Portion 1 of Erf 3018 and Portion 1 of Erf 3019, Pretoria, hereby give notice in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that I have applied to the Pretoria City Council for the amendment of the Town-planning Scheme known as Pretoria Town-planning Scheme, 1974, by the rezoning of the property described above, situated on Potgieter Street between Struben and Vermeulen Streets, Pretoria from Special for Residential, Shops, Places of Instruction and Refreshment and various other uses to General Business including warehouses, repair workshops, service industries and Public Garages.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the City Secretary, Room 3204, 3rd Floor, West Block, Munitoria, Van der Walt Street, Pretoria for a period of 28 days from 30 May 1990.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the City Secretary at the above address or at PO Box 440, Pretoria 0001, within a period of 28 days from 30 May 1990.

Address of agent: c/o E R Bryce and Associates, PO Box 28528, Sunnyside 0132. Tel. 324 3170/1.

KENNISGEWING 1104 VAN 1990

STADSRAAD VAN PRETORIA

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA

Die Stadsraad van Pretoria gee hiermee ingevolge artikel 56(1)(b) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerp-dorpsbeplanningskema wat bekend sal staan as Pretoria-wysigingskema 3376 deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysiging van die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, en behels die hersonering van 'n gedeelte van die Restant van Erf 112, Deerness, van Spesiale Woon tot Spesiale Woon, onderworpe aan 'n Bylae B.

Die ontwerp-skema lê gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 3025, Derde Verdieping, Wesblok, Munitoria, Van der Waltstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 1990 ter insae.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 1990 skriftelik by die Stadsekretaris by bovermelde kantoor ingedien word of aan hom by Posbus 440, Pretoria 0001, gepos word.

(Verwysing: K13/4/6/3376)

J.N. REDELINGHUIJS
Stadsklerk

30 Mei 1990
6 Junie 1990
Kennisgewing 207 van 1990

T
/lp/21

30—6

KENNISGEWING 1105 VAN 1990

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA

Ek, Errol Raymond Bryce, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Gedeelte 1 van Erf 3018 en Gedeelte 1 van Erf 3019, Pretoria gee hiermee ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ek by die Stadsraad van Pretoria aansoek gedoen het om die wysiging van die Dorpsbeplanningskema bekend as Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, geleë te Potgieterstraat tussen Struben- en Vermeulenstrate van Spesiaal vir Woon, Winkels, Onderrig en -Verversingsplekke en verskillende ander gebruikte tot Algemene Besigheid insluitend Pakhuise, Herstelwerkswinkels, Diensnywerhede en Openbare Garages.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 3204, 3de Vloer, Munitoria, Van der Waltstraat, Pretoria vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 1990.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 1990 skriftelik by of tot die Stadsekretaris by bovermelde adres of by Posbus 440, Pretoria 0001, ingedien word of gerig word.

Adres van agent: E R Bryce en Medewerkers, Posbus 28528, Sunnyside 0132. Tel. 324 3170/1.

30—6

NOTICE 1106 OF 1990

PRETORIA AMENDMENT SCHEME

I, Errol Raymond Bryce, being the authorized agent of the owner of part of Portion 24 and Portion 14 of Erf 3163, Pretoria hereby give notice in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that I have applied to the Pretoria City Council for the amendment of the Town-planning Scheme known as Pretoria Town-planning Scheme, 1974 by the rezoning of the property described above, situated on Elson Street, Pretoria from General Residential to Restricted Industrial and Special for Restricted Industrial.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the City Secretary, Room 3204, 3rd Floor, West Block, Munitoria, Van der Walt Street, Pretoria for a period of 28 days from 30 May 1990.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the City Secretary at the above address or at PO Box 440, Pretoria, 0001 within a period of 28 days from 30 May 1990.

Address of agent: c/o E R Bryce and Associates, PO Box 28528, Sunnyside 0132. Tel. 324 3170/1.

NOTICE 1107 OF 1990

SCHEDULE 8

(Regulation 11(2))

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF TOWN-PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56(1)(b)(i) OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986)

PRETORIA AMENDMENT SCHEME 3564

I, Irma Muller, being the authorized agent of the owner of Erf 924, Die Wilgers Extension 15 hereby give notice in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that I have applied to the City Council of Pretoria for the amendment of the town-planning scheme known as Pretoria Town-planning Scheme, 1974 by the rezoning of the property described above, situated in Jukskei Street north of Rossouw Street and south of Opstal Street from "Special" for a social hall subject to certain conditions to "Special" for a social hall and offices subject to certain conditions.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the City Secretary, Room 3042, West Block, Munitoria, c/o Van der Walt Street and Vermeulen Street, Pretoria for a period of 28 days from 30 May 1990 (the date of first publication of this notice).

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the City Secretary at the above address or at PO Box 440, Pretoria, 0001 within a period of 28 days from 30 May 1990.

Address of agent: I Muller, c/o Els van Straten and Partners, PO Box 28792, Sunnyside 0132. Tel. (012) 342 2925.

KENNISGEWING 1106 VAN 1990

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA

Ek, Errol Raymond Bryce, synde die gemagtigde agent van die eienaar van deel van Gedeelte 24 en Gedeelte 14 van Erf 3163, Pretoria gee hiermee ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ek by die Stadsraad van Pretoria aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema bekend as Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, deur die hersoneering van die eiendom hierbo beskryf, geleë te Elsonstraat, Pretoria van Algemene Woon tot Beperkte Nywerheid en Spesiaal vir Beperkte Nywerheid.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 3204, 3de Vloer, Munitoria, Van der Waltstraat, Pretoria vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 1990.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 1990 skriftelik by of tot die Stadsekretaris by bovermelde adres of by Posbus 440, Pretoria, 0001 ingedien word of gerig word.

Adres van agent: E R Bryce en Medewerkers, Posbus 28528, Sunnyside 0132. Tel. 324 3170/1.

30-6

KENNISGEWING 1107 VAN 1990

BYLAE 8

(Regulasie 11(2))

KENNISGEING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPSBEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56(1)(b)(i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA 3564

Ek, Irma Muller, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 924, Die Wilgers Uitbreiding 15 gee hiermee ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ek by die Stadsraad van Pretoria aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema bekend as Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, deur die hersoneering van die eiendom hierbo beskryf, geleë in Jukskeistraat noord van Rossouwstraat en suid van Opstalstraat van "Spesiaal" vir 'n gemeenskapsaal onderworpe aan sekere voorwaardes na "Spesiaal" vir 'n gemeenskapsaal en kantore onderworpe aan sekere voorwaardes.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 3042, Wesblok, Munitoria, h/v Van der Waltstraat en Vermeulenstraat, Pretoria vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 1990 (die datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing).

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 1990 skriftelik by of tot die Stadsekretaris by bovermelde adres of by Posbus 440, Pretoria, 0001 ingedien of gerig word.

Adres van agent: I Muller, p/a Els van Straten en Vennote, Posbus 28792, Sunnyside 0132. Tel. (012) 342 2925.

30-6

NOTICE 1108 OF 1990

PRETORIA AMENDMENT SCHEME

K13/4/6/35/48

I, Peter Bernard Howard, being the authorised agent of the owner of Erf 100, Lydiana, Pretoria, Registration Division JR, Transvaal, hereby gives notice in terms of Section 56(1)(b)(i) of the Town-planning and Townships Ordinance 1986 (Ordinance 15 of 1986), that I have applied to the City Council of Pretoria for the amendment of the town-planning scheme in operation known as the Pretoria Town-planning Scheme, 1974, by the rezoning of the property described above situated at 27 Orpen Street (cnr of Orpen and Mispel Streets), Lydiana, Pretoria, from "Special" (use Zone XIV) for shops, business buildings, dwelling houses and residential buildings with a FSR of 931 m² for shops and business buildings to "Special" (use Zone XIV) for shops, business buildings and appurtenant warehouses, flats, residential buildings and a dwelling house subject to certain conditions.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the City Secretary, Room 3024, West Block, Munitoria, van der Walt Street, Pretoria for the period of 28 days from 30 May 1990.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the City Secretary at the above address or at PO Box 440, Pretoria 0001 within a period of 28 days from 30 May 1990 — P B Howard Town and Regional Planners, Suite 36, Rynlal Building, 320 The Hillside, Lynnwood, Pretoria. Tel (012) 47/157/8/9 (w), 63 2986 (h), PO Box 36028, Menlo Park 0102.

NOTICE 1109 OF 1990

GERMISTON AMENDMENT SCHEME 285

NOTICE OF 1989

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF TOWN-PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56(1)(b)(i) OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986)

I, Frans Engelbertus Marx being the owner of portions 150 and 3 of 188 (previously port. 3 of 24) Klippoortjie Agricultural Lots, hereby give notice in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that I have applied to the City Council of Germiston for the amendment of the town-planning scheme known as Germiston Town-planning Scheme 1985, by the rezoning of the property described above, situated at 22 Ostend Road and 1 Gibb Road, Klippoortjie, from "Residential 1" with a density of one dwelling per 3000 m² to "Residential 1" with a density of one dwelling per 1500 m².

Particulars of the applications will lie for inspection during normal office hours at the office of the City Engineer, 3rd Floor, Samie Building, cnr Queen and Spilsbury Streets, Germiston for a period of 28 days from 30 May 1990 (the date of the first publication of this notice).

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the City Engineer, at PO Box 145 Germiston 1400 within a period of 28 days from 30 May 1990.

Address of owner: PO Box 5090, Delmenville 1403.

KENNISGEWING 1108 VAN 1990

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA

KENNISGEWING VAN 1990

K13/4/6/35/48

Ek, Peter Bernard Howard, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 100 Lydiana, Pretoria, Registrasie Afdeling JR, Transvaal, gee hiermee ingevolge Artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat ek by die Stadsraad van Pretoria aansoek gedoen het om die wysiging van die Dorpsbeplanningskema in werking bekend as die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, geleë te Orpenstraat 27 (h/v Orpen- en Mispelstrate), Lydiana, Pretoria van "Spesiaal" (Gebruiksone XIV) vir winkels, besighede, woonhuise en woongeboue, onderhewig aan sekere voorwaardes tot "Spesiaal" (gebruiksone XIV) vir winkels, besighedsgeboue, aanverwante pakhuse ondergeskik aan sodanige winkels en besighedsgeboue, woonstelle, woongeboue en 'n woonhuis onderhewig aan sekere voorwaardes.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 3024, Wesblok, Munitoria, Van der Waltstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 1990.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 1990 skriftelik by of tot die Stadsekretaris by bovermelde adres of by Posbus 440, Pretoria, 0001 ingedien of gerig word.

Adres van gemagtigde agent: P B Howard, Stads- en Streeksbeplanners, Suite 36, Rynlalgebou, The Hillside 320, Lynnwood, Pretoria, 0081. Tel: (012) 47 1157/8/9, Posbus 36028, Menlo Park, 0102.

30—6

KENNISGEWING 1109 VAN 1990

GERMISTON-WYSIGINGSKEMA 285

KENNISGEWING VAN 1989

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPSBEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56(1)(b)(i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)

Ek, Frans Engelbertus Marx, synde die eienaar van Ge-deeltes 150 en Ged 3 van 188, (voorheen ged. 3 van 24) Klippoortjie Landboulotte, gee hiermee ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die ordonnansie op dorpsbeplanning en dorpe, 1986, kennis dat ek by die Stadsraad van Germiston aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema bekend as Germiston Dorpsbeplanningskema, 1985, deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, geleë te Ostendweg 22 en Gibbweg 1, Klippoortjie, van: "Residensieel 1" met 'n digtheid van een woonhuis per 3000 m², tot "Residensieel 1" met 'n digtheid van 1500 m².

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsingenieur, 3de Vloer, Samiegebou, h/v Queen- en Spilsburystraat, Germiston vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 1990.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 1990 skriftelik by die Stadsingenieur, Posbus 145, Germiston 1400 ingedien of gerig word.

F E Marx, Posbus 5090, Delmenville 1403.

30—6

NOTICE 1110 OF 1990

SPRINGS AMENDMENT SCHEME 1/540

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF TOWN-PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56(1)(b)(i) OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIP ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986)

I, Gert Johannes Parsons, being the authorised agent of the owner of Erf 279 Casseldale hereby give notice in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that I have applied to the Town Council of Springs for the amendment of the Town-planning Scheme known as Springs-townplanning Scheme by the rezoning of the property described above, from "Special Residencial" to "Special for Business, Offices and Flats".

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk Civic Centre Springs for a period of 28 days from 30 May 1990.

Objections to or representation in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Town Clerk at the above address within a period of 28 days from 30 May 1990.

Address of owner: 22 Greta Road, Casseldale, Springs tel: (011) 56 0551.

NOTICE 1111 OF 1990

AMENDMENT SCHEME

CITY COUNCIL OF PRETORIA

I, Karin Johanna van Straten, being the authorized agent of the owner of Erf 4/2144 Villieria hereby give notice in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that I have applied to the City Council of Pretoria for the amendment of the town-planning scheme in operation known as Pretoria Town-planning Scheme, 1974 by the rezoning of the property described above, situated at Micheal Brink Street Villieria from "Special" to "Special" for a public garage.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the City Secretary, Room 3024, West Block, Munitoria, Van der Walt Street, Pretoria, for the period of 28 days from 30 May 1990 (the date of first publication of this notice).

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the City Secretary at the above address or at PO Box 440, Pretoria, 0001 within a period of 28 days from 30 May 1990.

Address of authorized agent: F Pohl and Partners, PO Box 7036, Hennopsmeer 0046.

NOTICE 1112 OF 1990

EDENVALE AMENDMENT SCHEME 209

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF TOWN PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56(1)(b)(i) OF THE TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986)

I, Gottlieb Johannes Strydom being the authorised agent of the owner of Erf 240, Sebenza Ext 3 Edenvale hereby give notice in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986, that I have applied to the Edenvale Town Council for the amendment of the town plan-

KENNISGEWING 1110 VAN 1990

SPRINGS-WYSIGINGSKEMA 1/540

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPSBEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56(1)(b)(i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)

Ek, Gert Johannes Parsons synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 279 Casseldale gee hiermee ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ek by die Springs Stadsraad aansoek gedoen het om die wysiging van die Springs Dorpsbeplanningskema deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, van "Spesiale Woon" tot "Spesiaal" vir besigheid, kantore en woonstelle.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsklerk Burger-sentrum Springs vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 1990.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 1990 skriftelik by of tot die Stadsklerk by bovermelde adres ingedien of gerig word.

Adres van eienaar: Greta Weg 22, Casseldale, Springs Tel: (011) 56 0551.

30-6

KENNISGEWING 1111 VAN 1990

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA

Ek, Karin Johanna van Straten, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 4/2144 Villieria gee hiermee ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat ek by die Stadsraad van Pretoria aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema in werking bekend as Pretoria Dorpsbeplanningskema 1974 deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, geleë te Michael Brinkstraat Villieria van "Spesiaal" tot "Spesiaal" vir 'n openbare garage.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 3024, Wesblok, Munitoria, Van der Waltstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 1990 (die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing).

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 30 Mei 1990 skriftelik by of tot die Stadsekretaris by bovermelde adres of by Posbus 440, Pretoria, 0001 ingedien of gerig word.

Adres van gemagtigde agent: F Pohl en Vennote, Posbus 7036, Hennopsmeer 0046.

30-6

KENNISGEWING 1112 VAN 1990

EDENVALE WYSIGINGSKEMA 209

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPSBEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56(1)(b)(i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)

Ek, Gottlieb Johannes Strydom synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 240 Sebenza Uitb 3 Edenvale gee hiermee ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ek by die

ning scheme known as Edenvale Town Planning Scheme, 1980, by the rezoning of the property described above, situated at 42 Simba Street Sebenza from "Commercial" to "Industrial 1".

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the offices of the Town Secretary, Room 316 Municipal Offices, Van Riebeeck Avenue, Edenvale for a period of 28 days from 30 May 1990.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Town Clerk at the above address or at P O Box 25 Edenvale within a period of 28 days from 30 May 1990.

Address of owner: c/o Popular Property Promoters P O Box 8121 Pretoria 0001

NOTICE 1113 OF 1990

GERMISTON AMENDMENT SCHEME 284

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF TOWN-PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56(1)(b)(i) OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986)

I, Theo van der Walt, being the authorized agent of the owner of Erven 54 and 55, Simmerfield hereby give notice in terms of Section 56(1)(b)(i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 that I have applied to the City Council of Germiston for the amendment of the town-planning scheme known as Germiston Town Planning Scheme, 1985 by the rezoning of the property described above, situated at 8 and 10 August Road, Simmerfield, Germiston respectively, from "Residential 1" to "Residential 2" in Height Zone 8.

Particulars of the application will lie for inspection at the office of the Town Secretary, 3rd Floor, Samie Building, cnr of Spilsbury and Queen Streets, Germiston for a period of 28 days from 30 May 1990 (the date of first publication of this notice).

Objections to or representations in respect of the application must be lodged in writing with or made to the Town Secretary at the above address or at P O Box 145, Germiston, 1400 within 28 days from 30 May 1990.

Address of owner: P O Box 3160 Edenvale 1610

NOTICE 1114 OF 1990

JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 3004

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF TOWN-PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56(1)(b)(i) OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986)

SCHEDULE 8

(Regulation 11(2))

